# VERWYDERAAR VAN GOEDERE

Alle vervoerders (buitelands of plaaslik) wat goedere in-pakhuis per pad vervoer of oordra, van of deur Suid-Afrika, moet by SARS Doeane geregistreer wees as 'n gelisensieerde verwyderaar van goedere in pakhuis.

Alle buitelands-gebaseerde vervoerders wat goedere aanry, moet deur 'n Suid-Afrikaans-gebaseerde geregistreerde agent werk om sake in Suid-Afrika te bedryf.

## Watter aansoekvorms en bylae moet voltooi en ingedien word om 'n verwyderaar van goedere in-pakhuis (insluitend buitelandse entiteite) te lisensieer?

- DA 185 - Application form: Registration/Licensing of Customs and Excise Clients
- DA 185.4B6 - Remover of Goods in Bond; en
- Die waarborg moet enige heffings en belastings dek op gedoere wat op enige tydstip vervoer sal word. Die aansoeker moet ook die volgende voltooi en indien:
- DA185 C – Security Particulars

## Kan ek goedere in-pakhuis verwyder deur 'n nie-aangewese hawe?

Nee, goedere in-pakhuis (RIB's) of in transito (RIT's) sal slegs toegelaat word om verwyder te word deur aangewese landsgrense plekke van binnekoms of uitgang.

## Wanneer sal 'n gelisensieerde verwyderaar van goedere in-pakhuis se aanspreeklikheid vir heffings en belasting verstryk?

Wanneer goedere behoorlik binnegebring is deur die volgende doeane-prosedures:

- Tuisgebruik;
- Doeane-pakhuisberging;
- Uitvoer, slegs wanneer bewys gelewer kan word dat die goedere behoorlik uitgevoer is vanuit Suid-Afrika; of
- Tydelike toelating vir inwaartse prosessering of tydelike toelating onderhewig aan heruitvoer in dieselfde toestand.

## Waar is die vorms beskikbaar?

Aansoekvorms is beskikbaar op hierdie webtuiste of by enige doeane-kantoor.

## Waar moet die vorms ingedien word?

Aansoekvorms moet by die naaste doeane-kantoor ingedien word.

**Top wenk:** Vir meer inligting, verwys na *External Standard - Licensing, Registration and Designation*.